

AKADEMIA

UITGEWERY

# Katalogus

2023





*Klik op die* **omslag** *om 'n* **uittreksel** *af te laai.*

Piet Boshoff se lewendige vertaling van Plato se dialoogtrilogie uit die laaste dae van Sokrates bied aan die Afrikaanse leser toegang tot 'n skatkis van filosofiese kennis. Hiermee word die gaping tussen die gebeure wat reeds nagenoeg 400 v.C. afgespeel het, en die moderne Afrikaanse leser as't ware oorbrug.

Die dialoë begin met Eutuphro, 'n gesprek oor vroomheid tussen Eutuphro en Sokrates. Hierin formuleer Sokrates die filosofiese vraag: Word die vroomheid bemin deur die gode omdat dit vroom is, of is dit vroom omdat dit deur die gode bemin word? Dié gesprek word opgevolg met Die verdediging van Sokrates waarin dié filosoof homself verdedig in die saak wat teen hom ingebring is, naamlik dat hy die jeug van Athene verlei en nie die gode vereer nie. Ten spyte van sy verdediging, is die vyandskap teen Sokrates egter so groot dat hy ter dood veroordeel word. In die laaste dialoog, Krito, word die leser 'n toeskouer van Sokrates en sy vriend Krito se gesprek in 'n tronksel in Athene, waar Sokrates op die voltrekking van sy doodsvonnis wag. Hier probeer Krito om sy vriend te oortuig om uit die tronk te ontsnap, maar hiervan wil die wyse Sokrates niks weet nie. Uit eerbied vir sy verbintenis tot Athene en dié stadstaat se wette, weier hy om Krito se plan na te volg. Sokrates kies eerder om sy lot te aanvaar en die vonnis uit te staan.

| | |
|---|---|
| *Prys:* **R110** | *Formaat:* **Sagteband** |
| *ISBN:* **978 1 990915 16 1** | *Bladsytelling:* **113** |
| *Onderwerp:* **Filosofie** | *Publikasiedatum:* **Januarie 2023** |

Koop die *Plato se dialoogtrilogie uit die laaste dae van Sokrate* hier of by Protea Boekwinkel




*Klik op die* **omslag** *om 'n* **uittreksel** *af te laai.*

Danie Goosen word beskou as een van dié vooraanstaande lewende Afrikaanse filosofiese denkers. In sy latere werk hou hy homself veral besig met die rol en toekoms van die Afrikaners, asook die lewenskragtige konsep van gemeenskap.
In hierdie bundel word daar hulde gebring aan dié hedendaagse denkleier, en word die ryke invloed van Goosen se intellektuele arbeid op prominente plaaslike akademici en gemeenskapsleiers illustreer.

Deur ŉ verskeidenheid essays oor Goosen se lewe en werk kry die leser ŉ beeld van sy vorming en die ontwikkeling van sy denke vanuit nasionale en internasionale oorde, maar dui die prominensie van die bydraers hier ook op die diep spore wat Goosen as mens en denker in Suid-Afrika, Europa en Amerika getrap het.

*Prys:* **R350**

*Formaat:* **Sagteband, 160 x 230 mm**

*ISBN:* **978-0-620-85856-4**

*Bladsytelling:* **507**

*Onderwerp:* **Aktueel, filosofie, huldigingsbunde**

*Publikasiedatum:* **Junie 2020**

Koop *Knooppunte* hier of by Protea Boekwinkel




*Klik op die* **omslag** *om 'n* **uittreksel** *af te laai.*

Hoe vang ŉ mens Akademia se verhaal in een boek vas? Daar is so baie verhale wat al vertel is en nog vertel moet word. Ilze Nieuwoudt as skrywer bied met hierdie praguitgawe op ŉ kleurvolle en onderhoudende wyse ŉ blik op ŉ dekade van pionierswerk. Lees die boek om inspirasie te put uit ons pioniers se verlede om ook jou eie verhaal in die groter Akademia-storie te kan skryf. Bestel jou spoguitgawe sommer vandag nog!

| | |
|---|---|
| *Prys:* **R650** | *Formaat:* **Hardeband** |
| *ISBN:* **978-0-6397-2916-9** | *Bladsytelling:* **182** |
| *Publikasiedatum:* **Oktober 2022** | |

Koop *Akademia-gedenkboek* hier

# Kontakbesonderhede


**VIR ALGEMENE NAVRAE**

www.akademia.ac.za / 0861 222 888

**VIR BOEKVERKOPE EN VERKOOPSNAVRAE**

winkel.akademia.ac.za / winkel@akademia.ac.za

**VIR MANUSKRIPVOORLEGGINGS EN UITGEWERYNAVRAE**

uitgewery@akademia.ac.za